Skrywersblok en ander verhale.
Jaco Fouché. 2009. Pretoria: Protea Boekhuis. 248 pp. ISBN: 978-1-86919-280-8.

Jaco Fouché se nuutste kortverhaalbundel verskyn twaalf jaar na sy vorige kortverhale, *Paartie by Jakes* (1997). Hierdie tydperk sou kon impliseer dat Fouché self aan 'n mate van *writer's block* gely het, as dit natuurlik nie was vir die verskyning van 'n roman en 'n novelle die afgelope vier jaar nie. In die lig van dié relatief onlangse publikasies sou mens trouens kon aanvoer dat Fouché ietwat langer moes gewag het voordat hy *Skrywersblok* die lig laat sien het.

Die titel van die bundel is oorspronklik en veelduidig, maar die inhoud van die bundel doen dit helaas nie gestand nie. Op die oog af val die bundel stewig binne die veranderlikes wat Fouché in sy vorige werke vasgelê het. Bekende figure en plekke uit Fouché se ouer publikasies maak hulle verskyning in hierdie bundel, soos byvoorbeeld inspekteur Barnaby uit sy debuutroman wat nou in "Speurder in die son" 'n besoek aan Suid-Afrika bring. Verder is daar heelwat temas en tipes figure wat kenmerkend van Fouché is: mense wat almal op die een of ander vlak op die marges van die samelewing leef en Fouché se unieke, skroomlose blik op rasseverhoudings en –opvattings in Suid-Afrika. Natuurlik is herhalende motiewe in 'n oeuvre op sigself nie negatief nie. Tog is dit 'n kuns om jouself met kreatiwiteit te herhaal en nog steeds 'n goeie nuwe storie te vertel, en Fouché kon met *Skrywersblok* nie hiervan oortuig nie.

Die titelverhaal is, ten spyte van die feit dat dit veels te lank voortsleep waarskynlikste die interessantste storie in die bundel danksy die metafiksionele aard daarvan. Naas besinning oor die uitdagings van die skryfkuns speel Fouché in op onlangse debatte in die pers oor die aard van die Afrikaanse literêre toneel asook onlangse (en voortslepende) vetes tussen skrywers en/of resensente. Die verhaal is by tye dus vermaaklik – maar terselfdertyd herinner dit miskien te veel aan die uitgerekte debatte oor die resensiekunde wat 'n aantal maande in 2008 in die gedrukte en elektroniese pers gewoed het. Die slot, geïnspireer deur 'n sêding van die outeur Raymond Chandler, is die treffendste van al die verhale in die bundel, aangesien dit slot ten minste doelbewus kunsmatig is. Die "resensie" van die boek van een van die karakters in die titelverhaal is 'n oorspronklike, postmoderne toevoeging tot die bundel, maar hierdie twee tekste is nie genoeg om die bundel as geheel indrukwekkend te maak nie.

Die plot van talle verhale weef heen en weer tussen onsamehangende gebeurtenisse sonder om uiteindelik in 'n sinvolle slot te kulmineer. Die oorgrote meerderheid van die bundel se slotte is futloos en ongeslaagd, met die moontlike uitsondering van "Goeie Sondag". Hoe korter Fouché se verhale, hoe beter is hulle oor die algemeen, maar dit is ook nie 'n vaste reël nie, aangesien "Die voortvlugtige" en "Die vooruitsig" ook nie beïndruk nie. Die versameling hoofkarakters is soos reeds genoem byna sonder uitsondering buitestaanders van 'n aard, maar is dit 'n rede waarom hulle ook op die leser so vervreemdend moet inwerk dat weinig belangstelling of simpatie vir enige van die karakters opgewek kan word?

Daar sou seker nog uitgebrei kon word oor ander aspekte van *Skrywersblok*: die feit dat die verband tussen metafiksie en die godsdienstige tema van enkele verhale vasgelê moet word deur die motto waarmee die bundel ingelei word, byvoorbeeld – maar selfgeskepte "aanhalings" kwalifiseer nie na my wete as 'n voorbeeld van intertekstualiteit nie. Dan is daar die redelik oninspirerende buiteblad, die flapteks wat dapper probeer om die boek meer diepgaande te laat voorkom as wat die geval is – maar hierdie resensie loop alreeds die gevaar om ewe oninteressant as die bundel te word. Jaco Fouché kán skryf en



18 Rev Van Niekerk 03 WEB.pmd 164 2/2/2010, 8:45 AM

daar is weinig wat slordig aan *Skrywersblok* is – maar nogtans het dié versameling onopwindende tekste nie publikasie geregverdig nie.

*Jacomien van Niekerk*
Universiteit van Pretoria,
Pretoria



18 Rev Van Niekerk 03 WEB.pmd 165 2/2/2010, 8:45 AM